**Skrifgedeeltes:** Johannes 4:27-34
**Belydenis**: HK, Sondag 49
**Teksverse:** Matteus 6:10b
**Tema:** Die Onse Vader (5): Laat U wil geskied!

Jesus leer ons in die Ons Vader om te bid: *"Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde."* Hierdie bede herinner ons daaraan dat God se wil soms deur swaarkry en pyn loop, soos by Job, Paulus, Maria en selfs Jesus in Getsemane. Ons moet erken dat ons dikwels nie volmaak gehoorsaam is nie en dat ons hart selfs teen God se wil kan worstel. Tog is ons geroep om nie vrede te maak met ons ongehoorsaamheid nie, maar om soos Christus te streef na volmaakte gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is nie net 'n plig nie, maar 'n vreugde en seën: dit bring vrede, harmonie, geluk en lei ander na God toe. Elke Nagmaal herinner ons aan Jesus se volmaakte gehoorsaamheid en ons eie roeping om God se wil lief te hê en uit te voer. Ons let op:

a) Ons EIE GEBREK aan gehoorsaamheid
b) CHRISTUS SE VOORBEELD van gehoorsaamheid
c) Die SEËN EN VREUGDE van gehoorsaamheid

# Nabetragtingsdiens - DWS

**Skrifgedeelte:** Psalm 104:24-30 en Markus 6:35-44
**Belydenis:** HK, Sondag 50
**Teksvers:** Psalm 104:27-29 en Matteus 6:11
**Tema:** Die Onse Vader (6): Ons brood vir die dag!

Die vierde bede van die Onse Vader, *"Gee ons vandag ons daaglikse brood,"* wys ons dat God ook in ons kleinste, alledaagse behoeftes belang stel. Christus leer ons om nie net vir geestelike dinge te bid nie, maar ook vir brood, doodgewone brood, omdat dit uit die Vader se hand kom. So word ons gebede bewaar van twee uiterstes: aan die een kant die heidense gedagte dat godsdiens net 'n middel is om stoflike seëninge te verkry; en aan die ander kant die fout om te dink dat ons God nie met ons alledaagse behoeftes mag *"lastig val"* nie. Christus self het hongeriges gevoed en siekes gesond gemaak; daarom mag en moet ons ons afhanklikheid, ons tevredenheid en ons vertroue in hierdie bede leer bely. Hierdie gebed roep ons om elke dag ons hande oop te maak vir die Vader, dankbaar te leef, nie oorvloed na te jaag nie, en Hom te vertrou vir môre. Ons let in die preek op:

a) AFHANKLIKHEID - Alles kom uit God se hand.
b) TEVREDENHEID - Net brood vir vandag.
c) VERTROUE - God sorg vir môre.